



## AANKONDIGINGE EN GEMEENTENUUS

SONDAG 10 APRIL 2022

### SESDE SONDAG IN LYDENSTYD

### GEMEENTE DAGBOEK

#### GEBEDSONDERWERP VIR DIE WEEK Jeugbediening

#### LEESROOSTERTEKSTE VIR DIE WEEK

Goeie Vrydag 15 April: Hebreërs 10:16-25; Psalm 22  
Jesaja 52:13–53:12; Johannes 18:1–19:42  
Paassondag 17 April: 1 Korintiërs 15:19-26  
Handelinge 10:34-43; Psalm 118:1-2, 14-24;  
Johannes 20:1-18

SONDAG, 10 APRIL	
PALMSONDAG	
09:30	Oggenddiens in Kerk – Ds Hannes Burger Deurkollekte: Alta du Toitskool Erediensspan 3 – Elsa Welman
09:30	Kleuterkerk op verhoog
09:30	Kinderkerk in konsistorie
<b>Geen</b>	Aanddiens
18:00	Senior kategese
MAANDAG, 11 APRIL	
19:00	GROOT LYDENSWEEK
DINSDAG, 12 APRIL	
09:30	Senior Burger Bybelstudie
19:00	GROOT LYDENSWEEK
WOENSDAG, 13 APRIL	
09:30	Vroue Bybelstudie
09:30	Othello Bybelstudie
19:00	GROOT LYDENSWEEK

## DONDERDAG, 14 APRIL

19:00 GROOT LYDENSWEEK  
09:30 Kuilsrivier Dienssentrum – byeenkoms by Kuilsrivier-Moedergemeente  
Arthur Appelby Paasfees sang  
Sopbeurte: Rosa Brand, Sorina Greeff, Marita Pienaar, Hannelie Viljoen,  
Sarie Terblanche, Ronelda Visser

## VRYDAG, 15 APRIL

GOEIE VRYDAG  
09:00 Erediens – Nagmaal  
Erediensspan – Elsa Welman

## SATERDAG, 16 APRIL

## SONDAG, 17 APRIL

PAASFEEES

07:00 Sonopkomsdiens (Afhangende van die weer) in Van Wykstraat op rivier se wal

09:30 OPSTANDINGSDIENS  
Deuroffer: Gemeentebediening  
Erediensspan 1 – Chris van Niekerk

**Geen** Kleuterkerk  
**Geen** Kinderkerk

**Geen** Aanddiens  
**Geen** Senior kategeese

## EREDIENSTE

In terme van die oorgangsmatreëls, is die perk vir binnenshuise byeenkomste 1000.  
Ten einde steeds sosiale afstand te kan handhaaf, is ons maksimum per erediens 450 en  
word slegs elke 2de bank gebruik.

Die kerkraad het besluit dat lidmate nie meer hoef plekke te bespreek vir die bywoning  
van eredienste nie. Monitoring sal steeds by die deure gedoen word.

Dra van maskers binnenshuis en sanitering is ook steeds van krag.

## OPNEEM VAN OFFERS

Offergawes word steeds net by die deure opgeneem aan die einde van die diens.

Jou bydrae vir die gemeente (voorheen opgeneem as bankkollekte) kan jy in die  
mandjies plaas.

Jou bydrae vir die sinodale instansie (soos aangedui op die aankondiginge) kan jy in  
die koevert plaas wat in die banke verskaf is. Gooi dié koevert dan ook in die mandjie.

# VANDAG SE SINODALE DEUROFFER

## Alta du Toitskool (Kuilrivier)

Die Alta du Toitskool in Kuilsrivier gee onderrig aan leerders (ouderdom 6 tot 18 jaar) wat intellektueel erg gestremd is en nie in hoofstroomonderwys met akademiese vakke kan aanpas nie. Die skool bied aan leerders uit alle kulture die beste geleentheid om volgens hulle eie vermoë en tempo te ontwikkel. Die fokus van die kurrikulum is aangepas en konsentreer op vaardighede soos selfversorging, kommunikasie, uitvoering van huishoudelike take, sinvolle tydsbesteding, arbeidergerigte-vaardighede, asook eenvoudige begrip van godsdiens. Vir leerders wat wel daartoe in staat is, word funksioneel-skolastiese vaardighede soos lees, skryf en getalbegrip aangeleer om hulle te help om in die alledaagse lewe oor die weg te kom met vaardighede soos tyd lees, hantering van geld en uitken van name van handelsbanke en winkels. Daar is twee koshuise vir leerders wat ver woon en bussies wat dagskoliere vervoer. Gemeentes se ondersteuning dra daartoe by dat leerders 'n vol lewe kan geniet in 'n skool waar daar spesiaal na hulle unieke behoeftes omgesien word.

Die Bestuurder (Me H van Niekerk) | 021 903 7744 |

[assistant.development@altadutoit.com](mailto:assistant.development@altadutoit.com)

Webwerf: <https://altadutoitschool.wixsite.com/altadutoitschool>

## GEMEENTENUUS

1. Baie geluk aan Mickey Muller, dogter van Freda Brink, wat tweede plek behaal het in die televisie kookkompetisie, Kids Kitchen Relay.
2. Lettie Smit (Othello) het geval en is in die hospitaal.
3. Renda Gobregts, oud-lidmaat, is in die hospitaal na 'n heupvervanging.
4. Roelien van Schalkwyk, dogter van Iain en Irma (Gladioli straat) het die afgelope week haar doktorsgraad in Grondkunde ontvang.
5. Petri en Alet Marais (Viljoenstraat) het 'n baba dogterjie ryker geword. Die grootouers is Attie en Rentia van Wyk.
6. Lenie Nell (Othello) is tans in die hospitaal.
7. Corla Gericke (Krisantsingel) begin dié week weer met behandeling.
8. Johan Kotzé (Angelierstraat) ontvang ook steeds behandeling.
9. Elmarie Scholtz (Zevenzicht) is op die Hoërskool De Kuilen se beheerliggaam verkies.




## VAN ALLES EN NOG WAT

1. Kom ondersteun die Jeugkommissie deur **koffie** by die kerkkantoor te koop teen R65 per pakkie. Verskeidenheid geure beskikbaar in bone en gemaal.
2. Ds Chris Barnardo is die naweek af.
3. Huis de Kuilen se breigroep benodig donkerblou dubbeldraad (navy blue doubleknit) wol vir hulle projek. Indien enigeen kan help, kan dit by die kerkkantoor of by die tehuis afgegee word. U hulp sal waardeer word.
4. Neels Kruger word vanoggend as erediensspanleier bevestig.
5. Daar sal volgende week geen uitgawe van Die Akker wees nie agv die kort week.

## VERJAARSDAE VIR DIE WEEK

10/04 Erné Louw, André Rogotta, Michael Tiller, Hanlie Botes, Beulah van Tonder  
11/04 Marius West, Tiana Greeff, Zander Marais  
12/04 Hennie le Roux, Anneline Dippenaar, Mike van Wyk, Adéle Botha,  
Naomi Huysamer, Nicholis Grobler, Doutie Vermaak  
13/04 Eric Deutschmann, Lizelle van Zyl, Gerrie Bester, Sylvania Filies,  
Wynand Deyzel (jnr), Christo Serfontein, Riaan van Wyk  
14/04 Juné Kruger  
15/04 Rudie Swart, Karien Botha, Pamela Nel, Sarie Donaggi  
16/04 Reinhard Herselman, Isabel Vlok



## DROP & GO

Baie dankie vir almal se gereelde bydraes wat ons ontvang. Ons voorrade lyk tans goed. Deels te danke aan kontant bydraes wat ons ontvang het en ons kon nou spesifiek voorrade koop soos wat nodig was.


Ons voorrade vir die volgende is weer baie laag:

Melk                      Blikkies: Beef, Vis, Groente

Suiker

Pap                      Toiletware: Tandepasta, Deodorant, Badseep, Sjampoe

Koffie                      Wasgoedpoeier, Skottelgoedseep, Sanitêre doekies



Bydraes kan steeds deur die loop van die week, tydens kantoorure, by die kerkkantoor afgegee word.

Baie dankie  
Cedric en Piet

## PAASSONDAG

By De Eike se Paasdiens eerskomende Sondag 17 April, sing Christine Bam vir ons in 'n Voorprogram vanaf 09:00. Haar sang word afgewissel met kerkorrelmusiek deur ons orrelis.

Sy sing vir ons:

Die Oorwinningslied,  
Vonkk 277 – U is die lig wat deur die donker skyn  
Fill the World with Love van Leslie Bircusse en  
Loof God, 'n ou bekende koorlied.

Dit is 'n geleentheid wat nie misgeloop moet word nie. Kom betyds – ons begin 'n halfuur voordat die diens 'n aanvang neem.

# BASAAR – 28 MEI 2022

Kennisgewing aan Lidmate

1. Basaarlyste is na Blokleiers versprei. Lidmate kry geleentheid om op die basaarlys aan te dui hoe hulle 'n bydrae vir die basaar wil gee. Jy sal dus op die basaarlys kan aandui of jy produkte wil gee, by 'n spesifieke tafel wil help en of jy verkies om 'n finansiële bydrae te maak. Dink solank hieroor sodat jy teen die tyd wat die dienswerker by jou kom, jou keuse kan aandui. Die dienswerker gaan nie vorms by huise afgee en later weer optel nie. Dieselfde vorm sal van huis tot huis geneem word soos ons dit vroeër jare gedoen het.
2. Die konvenors van die volgende tafels benodig hulp. Indien jy wil inskakel, moet jy asseblief jou naam by die kerkkantoor opgee: Materiaal, Melkkos, Pannekoek, Poeding, Naald- en handwerk en Klein koekies/Skuinskoek.
3. Die Plante- en Vleis tafels sal enige skenkings verwelkom.

**Volgende Konvenorvergadering is 19 April 2022 om 19:00 in die konsistorie**

Johan Morkel (Basaarkonvenor)



## AKSIE SAMARITAAN PAASFEES PROJIEK 2022

Liewe vriende, Paasfees is vir ons as gelowiges een van die belangrikste gebeurtenisse. As deel van ons bediening poog Aksie Samaritaan ook om hierdie tyd van die jaar ekstra spesiaal te maak vir ons kliënte sodat dit ook vir hulle 'n Geestelike ervaring sal wees wat hulle nader aan Jesus bring. Die koste van die naweek beloop R150 per persoon. Om dit moontlik te maak benodig ons dus skenkings van bestanddele of kontant. Ons maak reg vir 80 mense. Ek plaas die lys van benodighede asook die program en ons bankrekening hieronder. U ruimhartige bydraes word baie waardeer. Mag God u ryklik seën!

Program: Goeie Vrydag: Nagmaal tesame met ete van piekelvis en "hot cross buns" met melkie en kruisigings geskenkie.

Opstandings Sondag: Feesdiens met ete van Cottage pie met gekeurde rys, pampoentert en cupcakes vir nagereg tesame met koeldrank en fees geskenkie

Benodighede: 30 pakke "Hot cross buns", 80 slabs sjokolade, 80 steri-stumpie melkies, 8kg maalvleis, 8 bokse marshmallow paaseiers, 80 x 500ml koeldrankies, 6 dosyn eiers en kontant

Bankbesonderhede: Aksie Samaritaan: ABSA tjekrek no: 4089388257

Gebruik asb die verwysing "Paasfees"

Ons is nog R5000 kort op ons doelwit. Enige donasies sal hoog op prys gestel word.

# GROOT LYDENSWEEK



**11 April 2022 – 14 April 2022**

**KUILSRIVIER-DE EIKE**

**IN ONS KERKGEBOU**

Kom reis saam met ons op die lydenspad van Jesus wanneer ons deur voorlesings, respons en gebed tot 'n dieper betekenis kom van wat Jesus in daardie laaste dae moes beleef. Namens ons moes hy die reis aanpak na Golgota. Kom ontdek saam met ons, tree vir tree, die wonder van God se liefde en genade.

In 'n landskap waar baie onsekerheid ons lewens oorheers, is hierdie Groot Lydensweek juis 'n geleentheid om mekaar te bemoedig en vir mekaar, ons land en die wêreld te bid. Ons stap saam met Jesus op sy lydensweg in 'n baie moeilike tyd in die wêreld se bestaan. Gebruik hierdie vier geleenthede om saam na Golgota te reis.

Maandag	:	19:00 – 19:30
Dinsdag	:	19:00 – 19:30
Woensdag	:	19:00 – 19:30
Donderdag	:	19:00 – 20:00 (Ons dink terug aan die Laaste Avondmaal wanneer ons saam die nagmaal gebruik)

**Ons moenie nou net saamstaan nie MAAR ook saam kniel.**



# PREEKSKETS

## TEMA - PALMSONDAG

Prediker: Ds Hannes Burger

Skriflesing: Lukas 19:28-40



Die pandemie en die oorlog in Oekraïne so kort daarna het baie mense vrae laat vra.

- Wanneer gaan God ingryp? Hy kan dit tog nie net so laat aangaan nie!
- Dit het Lukas 19 hierdie week by my heelwat vrae laat oproep...
- Wat verwag jy regtig van God?
- Wag jy ook op 'n ridder op 'n wit perd wat uitkoms moet bring?
- Dan kan jy dalk ook totaal teleurgesteld staan, soos die mense van Jerusalem...
- Wat dink jy *regtig* gaan gebeur wanneer God ingryp...?

### 1. Die man op die geleende donkie.

- Wie sou kon dink dat God se ingrype in ons wêreld so doodgewoon sou wees?
- Op die oog af was dit 'n dood normale toneel.
- Wie sou kon raai dat die laaste toneel van God se verlossingswerk voor hulle oë aan die afspeel was?
- En toe gebeur daar skielik iets... Byna of die klippe begin uitroep!

### 2. Jesus se intog in Jerusalem raak 'n triomftog!

- As ek daar was, sou ek so dankbaar gewees het! Uiteindelik het die mense die lig gesien! Hier kom 'n reuse herlewing!
- Die massa-histerie neem net toe. Hulle juig Jesus toe as Koning, as die Messias.

### 3. En dan... die antiklimaks.

- En dan, op die hoogtepunt van die feesvieringe, kom vers 41.
- Skielik besef ons hier is 'n enorme fout. 'n Totale misverstand.
- Wat die stad is op pad na sy ondergang toe.
- Hulle Messias is by hulle, maar hulle herken Hom nie. Hy is nie wat hulle wou hê nie!
- Watter soort Messias verwag jy?